BYE: BELANGRIKE VRAE EN ANTWOORDE

Hoekom moet bye beskerm word?

Jan Oberholzer: Bye moet beskerm word omdat hul getalle gedaal het tot by die punt waar dit nou ‘n bedreigde spesie is. Die uitdrukking ‘bedreig’, beteken dat ‘n spesie op die glybaan is na uitsterwing. Elke mens moet ingelig wees om die probleme met bye te verstaan, anders versleg die situasie.

Die uitdrukking ‘probleme met bye’ is miskien ten onreg van die bye. Waar skending van ekostelsels plaasvind rus die skuld vierkantig op die skouers van mense.

Wat doen stedelinge verkeerd dat hulle beskuldig staan?

Jan Oberholzer: Stedelinge is nie die oorsprong van die probleem nie. Die probleem word veroorsaak deur mense in ‘n kettingreaksie. Stedelinge speel geen rol in daardie ketting nie. Hulle maak wel belangrike foute, maar besef dit nie omdat hulle nie reg ingelig word nie.

As stedelinge gebalanseerde kennis het, sal hulle graag die probleme vermy. Ons webtuiste www.thebeeman.co.za probeer om gebalanseerde inligting te versprei, maar die media kan die belangrikste rol speel.

1. Wanneer ‘n kolonie op iemand se perseel vestig moet hy nie soos algemeen gebeur, dink dat hy bydra tot bewaring deur hulle daar te laat bly nie! Om hulle daar te laat bly skep die gevaar dat mense en diere later gepak kan word, let wel, later. Solank ‘n trekswerm nie gepla word nie sal hulle jou uitlos. Hulle kom aan met niks nie behalwe hul koningin. ‘n Trekswerm bestaan uit 1000 tot 10 000 bye, afhangend die grootte van die kolonie waaruit hulle afgeswerm het. Sodra ‘n kolonie gevestig het begin hy om die infrastruktuur binne die kolonie te bou, beginnende by waskoeke. Werkers bring van dag een af nektar, stuifmeel en water en so word ‘n gebalanseerde huishouding binne geskep. Sodra daar heuning en jongbye (ongebore papies) is begin die beskerming daarvan en word die risiko vir mense en hul troeteldiere groter. Om die kolonie dan eers te verwyder is dus ‘n troosprys. Hulle moet liewer dadelik verwyder word.
2. Daar is natuurlik mense wat die bye juis daar laat bly om heuning te kan kry. Hulle skep weer die probleem dat as die kolonie afswerm om ruimte te maak vir sy groeiende bevolking, dan gaan daardie trekswerm na iemand anders en word die stedelike probleem met bye vergroot. In ‘n sin ‘boer’ hierdie man met bye en in stedelike gebied is dit onwettig. Op internet het ek al gesien dat ‘n stad in Europa ‘n byekorf aangebring het bo op die dak van ‘n stadsgebou. Dit lewer geen bydrae tot bewaring van bye nie. Dit skep net meer probleme binne die stad.

3. Mense is geneig om self hul probleem te probeer oplos deur die bye te spuit met huishoudelike gifstof, of om hulle te probeer verbrand met enigiets van papier tot selfs buitebande. So ‘n versteurde swerm sal geneig wees om mense en troeteldiere te pak. Dan is hulle dus lewensgevaarlik. Laat verwyder swerms waar mense en diere is, so vinnig moontlik en moenie self probeer nie.
4. Enige swart vorm van lewe is in groter gevaar as ander. Hou hulle weg van ‘n gevestigde kolonie. Die natuurlike vyand is swart en bye het dus ‘n ingebore haat daarvoor. In die natuur kom gaps die Ratel nie net heuning nie, maar rig hulle daarby ook onnodig groot skade aan kolonies. Die Ratel word in Engels met goeie rede ‘Honeybadger’ genoem! In stedelike gebied sal hulle uit instink eerstens fokus op swart. Wanneer hulle ‘n keuse het tussen drie honde sal die swart hond deurloop. Bye raak ook agressief as hulle gesnyde gras ruik of sweet aan mense, hoe ouer die sweet, hoe groter die risiko.
5. Eienaars van komplekse moet let op plekke wat bye sal verkies as ideaal vir vestiging van kolonies. Bye verkies hoogtes want hulle voel veiliger daar. Snaaks soos dit mag klink, die enigste groot sondaar in stede is kerke. Dalk is kerkrade emosioneel verward soos sommige lede van diereregte-organisasies. Ons moenie teem oor bye as ons nie weet waarvan ons praat nie. Skole en fabrieke met groot geboukomplekse, is vir bye verkieslike plekke om hul kolonie te vestig. In die algemeen verstaan hulle die probleem en dit help baie met die bekamping. Lang pale, verdiepinggeboue en maklike bekombaarheid van soetigheid soos koeldrankblikke in vullishouers is vir hulle ‘n aantreklike gerief. By skole is bye ‘n gevaar vir kinders en by fabrieke en myne is die groter konsentrasie mense wat daar werk onder risiko. Ek wil herhaal, skole en nywerhede doen in die algemeen wat hulle behoort te doen naamlik om bye te laat verwyder. By kerke vestig bye hoofsaaklik tussen die dak en fassieborde daaronder. Hulle sal ook tussen die plafon en dak kolonies vestig maar dit is ‘n klein persentasie. Kerke los die bye om een of ander rede daar vir jare. As ‘n kerk jou uitroep sal daar normaalweg meer as een swerm onder hul dakke wees, normaalweg hoog en selfs met ‘n leer, moeilik bereikbaar.

   Hierdie vyf faktore is die belangrikste. Bye is op die verdediging as hulle verkeerd hanteer word. Moenie dink jy bewaar die spesie deur hulle op die werf aan te hou nie. Moenie hulle aanhou om heuning daaruit te kry nie. Winkels het altyd voorraad. Moenie hulle probeer dood met huishoudelike gif of vuur nie en as ‘n kolonie versteur is, hou swart troeteldiere veral, weg daarvan. Identifiseer die groot sondaars en dring aan dat hulle die probleempraktyke staak.

Watter gevare hou bye in en wat kan die media doen om dit te help voorkom?

Jan Oberholzer: Die gevare het ek reeds verduidelik saam met die vyf grootste probleme, maar soms fouteer die media deur te min professionele kennis en oplossings te versprei en teveel emosionele uitsprake te plaas. Emosie raak jou hart en dan gaan jou verstand nie veel uitrig nie.
As beriggewing in die media soms teveel kwyl met syfers oor uitsterwing en te min oor praktiese oplossings, vererger dit net die probleem. Sodra emosies opgejaag word kry ons talle oproepe wat vra vir lewendige verwydering van byekolonies.

Hierdie Emosie veroorsaak ook dat sommige mense dink dat ons die verwydering verniet moet doen.

Die hoofinkomste van die media kom van adverteerders. Ons dienste is hoogs gespesialiseerd en niemand finansier ons nie. Die publiek vertel ons dat ‘pesbeheerfirmas’ meer geld vra as ons en skynbaar maak hulle die bye voor die voet dood.

Jy staan simpatiek tenoor die stedeling, maar wys die vinger na skakels in ‘n ketting. Wie is daardie rolspelers?

Jan Oberholzer: Eerstens farmaseutiese maatskappye wat gifstowwe vervaardig ongeag die gevolge, solank wetgewing dit toelaat. Die vervaardiging van plaagmiddels is ‘n baie duur proses en ek verstaan dat hulle kyk na bekostigbaarheid vir verbruikers.

Dit bring ons by die tweede skakel, naamlik die regering. ‘n Goeie rol wat die regering kan speel is die voorbeeld van BHC, of Dubbel Bennex soos die boere dit genoem het. Navorsers het al hoe meer begin wys daarop dat middels waarvan die aktiewe bestanddeel nie in die natuur kan afbreek nie, lei tot babas wat gebore word met permanente liggaamlike gebreke, ook aan organe, ingesluit die brein. Doodgebore babas was deel van die gevolg.
Uit navorsingsresultate is ook gewys op die bevordering van kankersoorte.

Die regering het BHC toe summier verbied sonder dat daar middels op rakke was wat as alternatief gebruik kon word. Boere het vergeefs druk op die regering probeer plaas vir alternatiewe middels. Farmaseutiese vervaardigers het dadelik begin eksperimenteer met alternatiewe middels. Hulle het Gamma-BHC ontwikkel wat wel bio-afbreekbaar is.

As daar nie ‘n wil is nie, moet daar ‘n wet wees en bygesê, wat toegepas word. Terwyl Gamma-BHC die probleem vir mense opgelos het is die gevolge vir bye net so dodelik. Regerings is bang vir die invloed van boere en sal minder geneig wees om middels wat bye kan dood, te verbied.
Organiese en biologiese boerdery neem sterk toe en dit is ‘n beter oplossing om die probleem van bye te help oplos. Dit is egter onmoontlik om alle vorme van plantproduksie te hervorm sodat chemiese middels nie noodsaaklik is nie.

Dit is ook net ‘n susmiddel om op gifhouers te skryf soos ons algemeen sien: ‘Gevaarlik vir visse, bye...’ In die geval van die renostervoëltjie wat ook op pad was na uitsterwing, staan vandag op die meerderheid dipmiddels ‘n bewoording wat neerkom op: VEILIG VIR RENOSTERVOELS, met ‘n prentjie van die voëltjie.

Die derde skakel in die ketting is veral plantproduserende boere. As boere nie druk uitoefen op farmaseutiese firmas om produkte wat veilig is vir bye te vervaardig nie, gaan die sterkerwordende ‘groen aktiviste’ binnekort die eerste regerings genoodsaak om ‘n verbod te plaas op middels wat skadelik is vir bye.

Verkeerde menslike gedrag is maar soos sonde. Dit haal jou in!